

16 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 52 – 54

Fokusgedeelte: Psalm 54

Die Here is my helper

Dawid verkeer in 'n noodsituasie omdat die Siffiete sy wegkruipplek aan Saul gaan verklap het. Sy lewe is nou in gevaar, want Saul soek hom om hom dood te maak. In sy benoudheid roep Dawid tot die Here om hulp. Hy roep met vertroue, want in die middel van die psalm staan die belydenis: “Maar vir my help God altyd, die Here hou my lewe in stand” (vers 6).

Die roep tot die Here om hulp is die mees basiese gebed. Dit is nie 'n lang of ingewikkelde gebed nie, maar die kort, kragtige roep van die gelowige: “Here, help my!” Die eerste gebed in die psalmboek, Psalm 3, is 'n gebed om hulp en dit bevat die heerlike belydenis: “Hulp kom net van die Here af” (3:9).

Die hulp wat van die Here af kom, het 'n heerlike ryk betekenis. Vir ons is dit gevul met die heil wat Jesus Christus vir ons verwerf het. Sy hulp het die diep en omvattende betekenis van verlossing van die mag van die sonde en van die dood.

Die Here help ons altyd. Ook al verander Hy nie altyd dadelik die benouende en moeilike omstandighede in ons lewe nie. Hy staan ons in al ons omstandighede by. Dag na dag dra Hy ons. En ons mag weet dat niks – geen bedreiging of mag of krag – ons van sy liefde sal skei nie!

Sing: Psalm 121:1,2

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)